SIZA Nuus
SUSTAINABLE AGRICULTURE IN SOUTH AFRICA

Volume 3, Uitgawe 5
Mei 2016

INHOUD:

Die Vrugtebedryf	1	Kapasiteitsbou	3
Die Data Platform	1	SIZA Erkenning	3
SIZA Bestuur	2	Klimaatsverandering	3
Ouditproses / Metodologie / Vereistes	2	Hoekom moet Uitvoerders registreer by SIZA	4

DIE VRUGTEBEDRYF

Die Suid-Afrikaanse vrugtebedryf het ‘n jaarlikse omset van ongeveer R30 miljard en verskaf aan ongeveer 300 000 mense werk, wie se gesinne staatmaak op hul inkomste uit die vrugtebedryf. Om volhoubaarheid en nakoming van arbeidswetgewing via onafhanklike verifikasie te verseker, is SIZA, die Volhoubare Inisiatief van Suid-Afrika, totstand gebring om regverdige en etiese arbeidspraktykte te demonstreer.
SIZA is 'n aanlyn platvorm wat produsente instaat stel om voldoening aan Suid-Afrikaanse arbeidswetgewing via derdeparty sosiale etiese oudits, te bewys. Etiese ouditeure besoek gereeld plase, waar plaaswerkers onafhanklik van plaas-eienaars geleentheid kry om hulself vrylik oor arbeidspraktyke op die plaas uit te spreek.

DIE DATA PLATFORM

SIZA lidmaatskap groei steeds teen 'n stewige tempo. Hierdie groei word gedryf deur ons nuwe doeltreffende en moderne platform. Aan die einde van 2015 het SIZA 1,272 lede gehad, waarvan slegs 651 aktief was. Aan die einde van Mei 2016 het die lidmaatskap na 1,384 lede gegroei. SIZA het 105 nuwe registrasies en 407 hernuwings oor die afgelope 4 maande gehad.

Die waardeketting ontwikkeling gee sigbaarheid regdeur die waardeketting aan primêre rolspelers, uitvoerders, invoerders en die handel. Let wel, slegs geregistreerde SIZA lede kan deel uitmaak van die waardeketting koppeling om volle sigbaarheid op die SIZA platform te verkry.

Aanlyn oudits word ook reeds vanaf 1 Maart geskeduleer en op die oomblik doen ouditeure aanlyn oudits op die platform terwyl hulle besig is met die oudits op plase. Produsente moet asb onthou om voortaan al hulle oudits direk op die Data Platform te skeduleer.

SIZA BESTUUR

SIZA is op 20 April 2016 as ‘n Nie-Winsgewende Maatskappy (sg. NPC) geregistreer en is tans in die proses om ‘n eie bankrekening oop te maak en ook by SARS te registreer. Nigel Mudge is gekontrakteer om as onafhanklike strategiese voorsitter van die SIZA Raad op te tree en die nuwe struktuur wat hy aangekondig het is in proses om geïmplementeer te word.

SIZA het ekstra personeel aangestel om te help met die vaslegging en oordra van data na SEDEX sodat sigbaarheid voor 30 Junie aan alle Tesco lede gegee kan word soos versoek.

OUDITPROSES / METODOLOGIE / VEREISTES

SIZA is in proses om dokumentasie wat verband hou met ouditprosesse, metodologie en vereistes te hersien. Opgedateerde Diensvlakooreenkomste wat die vereistes en spesifikasies vir Ouditliggame, Oudiiteurs en Oudit resensente spesifiseer, sal tussen SIZA en die geakkrediteerde derde party Ouditliggame onderteken word.

'n Oudit Verwysingsforum bestaande uit ‘n groepering van mense met unieke oudit- en beleidsvaardighede, asook kennis van arbeidswette, is tans in proses van vorming. Die Oudit spesialisgroep wat met ouditgeskille en verskille handel, is reeds funksioneel en effektief.

SIZA / WIETA GEKOMBINEERDE OUDITS

Gemengde plase met vars vrugte en wyndruiwe wat 'n etiese oudit benodig, kan voortaan van NSF-Afrika (namens SIZA) gebruik maak om ‘n oudit te doen, nadat WIETA nou vir NSF Afrika aanvaar het om gesamentlike WIETA en SIZA oudits te verrig. So ‘n eenheid sal dus voortaan beide ‘n SIZA en WIETA sertifikaat kan kry. Sulke gemengde plase kwalifiseer om vanaf Maart 2016 'n gesamentlike oudit te kan doen.

Wat is 'n gemengde plaas?

‘n Plaas wat vars vrugte produseer vir uitvoer asook wyndruiwe aan 'n kelder verskaf wat etiese sertifisering vir hul uitvoermarkte vereis. Maar onthou. . .

- Kelders moet nog steeds geoudit word deur WIETA.
- Pakstore moet nog steeds geoudit word deur 'n SIZA derde party ouditliggaam.

Indien ‘n gesamentlike oudit nodig is, moet WIETA as ouditmaatskappy op die SIZA Platform gemerk word wanneer ‘n oudit bespreek word. Lede moet asseblief kennis neem dat slegs NSF-Afrika oudiiteure tans erken word om oudits namens WIETA aan die SIZA kant te doen. Indien NSF-Afrika as die platform gekies is om ‘n gesamentlike oudit te doen, moet NSF-Afrika in kennis gestel word dat 'n WIETA ouditverslag ook vereis word. NSF-Afrika sal dan die nodige reëlings met WIETA tref sodat die toepaslike Ouditproses en Metodologie gedurende die oudit gevolg word. Die NSF oudiiteur sal dan verslae op die SIZA Platform laai sodat ‘n SIZA sertifikaat uitgereik kan word terwyl 'n WIETA-verslag terselfdertyd aan die WIETA kantoor gestuur sal word. WIETA sal hierdie verslag deurgaan en dit aanstuur sou korrektiewe aksies benodig word waarvoor die nodige bewyse ingedien moet word.

Indien u enige verdere vrae het kan u die volgende persone kontak:
WIETA - Andrea Bredell by admin@wieta.org.za of op 021 880 0580
SIZA - Retha Louw by retha@siza.co.za of 021 852 8184

KAPASITEITSBOU

SIZA het R400 400 vanaf AgriSETA ontvang om in samewerking met Philani Opleiding en Ontwikkeling Gesondheid- en Veiligheidsopleidingsprogramme aan te bied.

R600 000 uit die begroting van die Departement van Landbou Wes-Kaap befondsing is toegeken aan die Ontwikkeling van Kleinboere om te kwalifiseer aan die SIZA Standaard en te registreer op die Platform. Hierdie program sluit ETF opleiding sowel as pre-oudits in sodat die vlak van voldoening aan die SIZA standaard en arbeidswetlike vereistes ge-evalueer kan word.

ERKENNING DEUR AANKOPERS

Die SIZA standaard word nou ook deur Kaufland aanvaar.

Ahold en Waitrose (SA) het bevestig dat hulle nog gelukkig is om die SIZA standaard te aanvaar as hulle maatstaf en ook om die verhouding wat met SIZA opgebou is voort te sit.

KLIMAATSVERANDERING - EENVOUDIGE KOOLSTOF VOETSPOOR BEREKENING

Daar gaan verskeie Tegniese Maatstaf & "Train-the-Trainer" werkswinkels gedurende die jaar aangebied word. Die kostes word weer gesubsidieer en dit is hierdie jaar BAIE belangrik vir almal om weer die werkswinkels by te woon, al het jy alreeds 'n vorige jaar bygewoon! Gedurende hierdie jaar se werkswinkels sal u leer hoe om die nuwe webtuiste te gebruik. Daar is ook heelwat nuwe produkte en dienste waaroor u meer inligting sal ontvang tydens die werkswinkels.
Die eerste gedeelte van die werkswinkel word spandeer aan 'n verduideliking van die koolstofvoetspoor rekenaar en hoe om u data in te vul. Gedurende die tweede helfte van die werkswinkel word daar dan geleentheid gebied om data in te voer en die fasiliteerders sal u help indien u vashaak. Die deelnemers sal dan toegerus wees om hul jaarlikse koolstof berekening te kan doen. Die resultate hiervan kan gebruik word vir bemarking- en / of bestuursvereistes.

Die "Train-the-Trainer" werkswinkels is daarop gemik om individue in groter organisasies, wat as hulpbron kan dien om ander persone binne hulle eie waardeketting te help om hul koolstof voetspoor te bereken, op te lei. Tydens hierdie werkswinkels word daar geleer hoe om 'n kwaliteit koolstofvoetspoor berekening te doen. Indien die toets wat in die werkswinkel gedoen word suksesvol voltooi is, sal bywoners 'n sertifikaat ontvang. Die CCC ge-akkrediteerde opleiersertifikaat, sowel as die name word dan op die CCC webwerf geplaas om as hulpbron te dien vir ander binne hul waardeketting

Vir meer inligting of om te registreer stuur 'n epos emarie@bluenorth.co.za

CONFRONTING CLIMATE CHANGE
A SOUTH AFRICAN FRUIT & WINE INITIATIVE

WAAROM UITVOER MAATSKAPPYE MOET REGISTREER OP DIE SIZA DATA PLATFORM

SIZA poog om deur die Platform sigbaarheid aan kleinhandelaars en uitvoerders regdeur die waardeketting na hul lede deur te gee. Om hierdie doelwit te bereik moet alle rolspelers geregistreer wees as lede op die SIZA Platform.

Alle uitvoerders moet asb registreer op die Platform sodat 'n skakel gebou kan word vanaf die plaas (produsent) na die handelaar. Uitvoerders wat geregistreer is moet hul produsente kontak en vra om hulle te koppel sodat hulle sigbaarheid op hulle lede se profiele kan hê. Uitvoerders moet daarna weer hulle kleinhandelaars / kopers koppel sodat die hele ketting gebou kan word en sigbaar kan wees op die platform.

Registrasie op die Platform sal uitvoerders ook toegang gee na die waardeketting inligting wat SIZA kantoor op 'n gereelde basis sal aanstuur. Uitvoerders wat registreer by SIZA sal die volgende voordele hê:

- Sigbaarheid op die Platform aan alle produsente en kleinhandelaars sonder enige moeite. Dit kan 'n gratis bemarkingsform vir u as uitvoerder wees, want u naam as uitvoerder sal aan alle lede (produsente en kleinhandelaars) van SIZA sigbaar wees.
- Risikobestuur van u lede. Dit gee u as uitvoerder die geleentheid om verskaffers se inligting op die Data Platform op enige stadium te kan evalueer. U kan ouditresultuate sien en inligting ontvang op n gereelde basis, bv:
  - Aanwysings van waar en watter risiko's bestaan
  - Algemene profiel en tendense van verskaffers (monitor risiko, verbeteringe) outomatiese opspoor van regstellende stappe na afloop van oudits.
- Om deel te wees van 'n Suid-Afrikaans gebaseerde bedryfsinisiatief wat individue beskerm deur die voorkoming van arbitrêre inisiatiewe in die toekoms
- 'n Data Platform met baie inligting en statistieke wat die vrugtebedryf kan help om geloofwaardigheid te toon regdeur die hele waardeketting.

Hoe om te registreer:
Gaan na die SIZA webwerf (www.siza.co.za) en kliek op die knoppie "registreer op die SIZA Platform" in die regterkantse boonste hoek van die webblad.

Wat is die koste om te registreer?
Die registrasiefooi vir uitvoerders (Vlak 3A) is slegs R 1, 750 (BTW uitgesluit) per jaar. Uitvoerders hoef nie 'n SAQ te voltooi nie, maar slegs kontakbesonderhede in te vul. SiZA lidmaatskap vereis geen moeite of tyd van uitvoerders nie, maar skep die voordeel toegang tot, en sigbaarheid van, die profiele van hulle verskaffers. Sodra 'n uitvoerder se profiel aktief is, kan produsente (verskaffers) die koppeling aan hulle profiele skep van die keuselys van uitvoerders wat dan sigbaar sal wees vir alle SIZA-lede.

Uitvoerder wat graag 'n opleidingsessie wil hê of net die hoogtepunte van waartoe die platform in staat is, wil sien, kan die SIZA kantoor vir die skedulering van so 'n sessie kontak. Individuele opleiding is ook moontlik, maar dit sal die uitvoer maatskappy 'n uurlikse fooi kos.

Vertroulikheid van lidmaatskap
Die inligting op die platform is vertroulik en dit sal nie moontlik wees vir enige ander rolspelers buite die spesifieke skakels om enige sigbaarheid te verkry oor diegene wat deel is van die spesifieke netwerk nie. Slegs diegene wat op die stelsel gekoppel is, sal sigbaarheid hê.